higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 2

(5050012)

8 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

NCS

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NC(O)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Wanneer kinders gereed is om te leer kyk ons na hul …

A kognitiewe vlak.
B fisiese ontwikkeling.
C affektiewe vlak.
D motoriese vaardighede.

1.1.2 Diversiteit in die klaskamer sluit … in.

A genetiese samestelling
B familiestruktuur
C onderrigstyl
D metariaal wat gebruik word

1.1.3 GEAR staan vir …

A General Economic Adult Restructure.
B Good Economic Alternative Reform.
C Guidance Evaluation Added Revenue.
D Growth, Empowerment and Reconstruction.

1.1.4 Reflektief beteken om …

A die toekoms te beskou.
B terug te kyk en oor iets na te dink.
C 'n mens se vermoë uit te brei.
D sistematies te wees.

1.1.5 Wanneer ons nuuskierigheid koester, verstaan ons dat kinders baie vrae vra omdat hulle …

A intelligent is.
B hul ouers wil irriteer.
C van nuwe en vreemde goed wil sin maak.
D verveeld is.

(5 × 1) (5)

1.2 Leerders moet aktief in hul leerproses betrokke wees.

Noem VYF goed wat hulle kan doen om aktief by die proses betrokke te wees. (5)

1.3 Outonome leerders toon sekere eienskappe.

Noem VIER eienskappe van outonome leerders. (4)

1.4 Noem VIER vaardighede wat 'n leerder nodig het om outonoom te word. (4)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Veranderlikes kan skielik en onvoorspelbaar verander.

1.5.2 Kinders leer presteer wanneer hulle met die inhoud omgaan.

1.5.3 Die leerder is nie belangrik wanneer die inhoud vir lesbeplanning oorweeg word nie.

1.5.4 Kinders behoort tot en met die ouderdom van tien in Engels onderrig te word.

1.5.5 Die speel van speletjies kan kognitiewe ontwikkeling verbeter.

1.5.6 Priori-waarhede word deur ervaring opgedoen.

1.5.7 Die studie van behaviorisme gaan oor fisiese ontwikkeling.

1.5.8 Perspektief is die manier waarop ons goed bekyk en daaroor nadink.

1.5.9 Kennis kan ons help om praktiese take doeltreffend uit te voer.

1.5.10 'n Beskouing is die basis van 'n argument.

(10 x 1) (10)

1.6 Wat beteken dit om te ontwikkel? (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Inhoud- (integrasie/stimulasie) beteken dat opvoeders inhoud van 'n verskeidenheid kulture moet insluit.

2.1.2 Vorige ervaring en blootstelling skep kennis- (vaslegging/konstruksie).

2.1.3 (Billikheid/Gelykheid) is die proses waar kinders van alle ras- en kultuurgroepe, gender en sosiale klasse ingesluit word wanneer verskillende onderwerpe bespreek word.

2.1.4 Die verwysing na (gender/generasie) beteken dat jy van seuns en meisies praat.

Kopiereg voorbehou

2.1.5 'n Opvoeder uit 'n bepaalde agtergrond en kultuur moet nooit (objektief/subjektief) wanneer hy/sy onderrig gee wees nie.

2.1.6 Taalvaardighede word tydens (interaksie/intersnyding) met ander mense ontwikkel.

2.1.7 Kinders ontdek hoogte, balans en rigting wanneer hulle met (albasters/blokke) speel.

2.1.8 Kennis ontwikkel as gevolg van (aktiwiteite/toneelspel) waarby kinders betrokke is.

2.1.9 Om moeilike inhoud te onderrig, moet die opvoeder bepaal wanneer leerders oor die (vaardigheid/vermoë) beskik om die inhoud in ooreenstemming met hul ontwikkelingsvlak te verstaan.

2.1.10 Opvoeders moet 'n (klimaat/maatstaf) vir leer in die klaskamer skep.

(10 × 1) (10)

2.2 Noem VIER beginsels om te volg wanneer onderrig-en-leermateriaal gekies word. (4)

2.3 Noem VIER verskillende gesinstrukture wat algemeen in ons land voorkom. (4)

2.4 Verduidelik die volgende begrippe:

2.4.1 Aanspreeklikheid

2.4.2 Buigsaamheid

2.4.3 Behaviorisme

(3 × 2) (6)

2.5 Noem DRIE aspekte wat die grondslag van Uitkomsgebaseerde Onderwys uitmaak. (6)

(3 × 2)

[30]

VRAAG 3

3.1 Laerskool Premont het twee jaar gelede diversiteit in die skool ingestel. Mev. Gabriel het gedragspatrone opgemerk wat sy nie voorheen waargeneem het nie.

> Rebecca het vir haar verjaardag koek skool toe geneem. Al die kinders het hul koek geëet, maar Manlin het hare in 'n servet toegedraai om huis toe te neem om met haar suster vir aandete te deel.
>
> Pedro word maklik kwaad en skree dan in Portugees, sy moedertaal, vir die ander seuns.
>
> Net Simone se ma het die oueraand bygewoon en sy het mev. Gabriel meegedeel dat Simone nie 'n pa het nie.

3.1.1 Wat sal die kognitiewe nadeel vir Manlin wees, wat in 'n huis bly waar die sosio-ekonomiese toestande nie ideaal is nie? (2)

3.1.2 Deur vir die ander seuns in Portugees te skree dui op taalprobleme.

Waarom dink jy skree Pedro in sy moedertaal? (2)

3.2 Noem TWEE verskille tussen deelnemende en outonome onderrig en leer.
(2 × 2) (4)

3.3 Dui aan of die volgende stellings op deelnemende of outonome onderrrig-en-leersituasies dui. Skryf slegs 'Deelnemend' of 'Outonoom' langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.3.1 Mev. Gabriel het die leerders versoek om 'n taak in groepe van vier te voltooi.

3.3.2 Anne is 'n introvert. Sy hou daarvan om oor goed na te dink voordat sy oor 'n onderwerp praat.

3.3.3 Sipho het al die navorsing vir sy projek op die internet by die skool gedoen.

3.3.4 Tien vlak 2-leerders het 'n studiegroep gevorm om vir die eksamen voor te berei.

(4 × 1) (4)

3.4 Ongeletterdheid is 'n groot probleem in Suid-Afrika, alhoewel die regering maatreëls ingestel het om te probeer om die situasie reg te stel.

Gee EEN positiewe en EEN negatiewe gevolg wat ongeletterdheid op die ekonomie het. (4)
(2 × 2)

Kopiereg voorbehou

3.5 Die definisie van demokrasie is regering deur die mense. As burger van die land het jy sekere regte, maar jy het ook die verantwoordelikheid om ander mense se regte te respekteer. Wat kan jy by die kollege doen om die volgende beginsels in stand te hou:

3.5.1 Gelykheid

3.5.2 Toleransie

3.5.3 Keusevryheid

(3 × 2) (6)

3.6 Teken 'n breinkaart van die SES eienskappe van deelnemende onderrig en leer. Plaas *deelnemende benadering* in die middelblok. (6 × 1 + 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Sigbare en onsigbare aspekte van kultuur beïnvloed mense en/of gemeenskappe en dit kan met 'n boom vergelyk word: sommige dele is sigbaar en ander nie.

4.1.1 Noem TWEE sigbare aspekte van kultuur. (2)

4.1.2 Gebruik TWEE voorbeelde van die sigbare aspekte van kultuur om die impak daarvan op 'n persoon te verklaar. (2 × 2) (4)

4.1.3 Gebruik EEN voorbeeld van die onsigbare aspek van kultuur en verduidelik die invloed daarvan op 'n gemeenskap. (1 × 2) (2)

4.2 Verduidelik hoe maatskaplike en kulturele agtergronde konflik en verwarring tussen Westerse en Afrika-leerders kan veroorsaak. (1 × 2) (2)

4.3 Onderskei hoe babas volgens Piaget se teorie anders as voorskoolse kinders leer. (2 × 2) (4)

4.4 Bespreek hoedat jy diversiteit in 'n multikulturele leeromgwing by jou kollege sal implementeer. (3 x 2) (6)

4.5 Hoe sal jy leer-en-onderrigmateriaal of ondersteuningsmateriaal aanpas om die omgewing wat jy in VRAAG 4.4 aangedui het te komplementeer? (3)

4.6 Noem die SEWE rolle van 'n opvoeder. (7)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Opvoeders steun op hulpbronne om kennis en idees in 'n klaskamer uit te brei.

Bespreek TWEE niemenslike hulpbronne wat opvoeders in die klaskamer kan gebruik. (2 × 2) (4)

5.2 Volgens Maslow se hiërargie word al 'n persoon se behoeftes bevredig wanneer hy/sy selfaktualisering bereik, en sodra hy/sy selfbewustheid bereik het, het hy/sy die toppunt van die hiërargie bereik. Rangskik die res van die tabel vanaf die laagste na die hoogste orde om by Maslow se hiërargiemodel te pas.

BEHOEFTES	VOORBEELD
Selfaktualisering	Selfbewustheid
Veiligheid	Liefde en vriendskap
Fisiologies	Voedsel en water
Maatskaplik	Prestige
Ego	Beskerming

(8 × 1) (8)

5.3 Leerinhoud moet op die werklikheid gebaseer word en die leerder moet voel dat leer die moeite werd is.

Noem en verduidelik DRIE areas waarin die opvoeder vaardig moet wees om leerderbetrokkenheid te bewerkstellig. (3 × 2) (6)

5.4 Bespreek DRIE stappe wat die opvoeder moet neem om outonome leer aan te moedig. (3 × 2) (6)

5.5 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vraag.

Mev. Jones, 'n vlak 2-dosent, bespreek outonome leer met haar studente. Sy lees 'n koerantatikel oor 'n leerder wat haar skoolloopbaan voltooi het ten spyte van die feit dat sy geen onderwysers gehad het nie. Sy vertoon ook 'n DVD oor die skoolstelsel in Amerika en Sjina. Sy sal binne die volgende paar dae 'n seminaar bywoon oor hoe om outonome leer in die klaskamer te bevorder. Die vlak 2-opvoeders het 'n vergadering oor dié onderwerp gehou.

Noem DRIE voorbeelde uit die scenario wat aandui dat mev. Jones probeer om onderrig van hoogstaande gehalte in haar klaskamer in te stel. (3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou